# Hoërskool Bergvlam

## Afrikaans EAT
## Graad: 12

| | | |
|---|---|---|
| **Datum** | : | ___ Januarie |
| **Tyd** | : | 1 Periode |
| **Punte** | : | 30 |

| | | |
|---|---|---|
| **Moderator** | : | L. Fullard |
| **Eksaminator** | : | L. Fullard |
| **Taak** | : | 3 [Lang Transaksioneel] |

| | | |
|---|---|---|
| **Naam** | : | |
| **Van** | : | |
| **Sleutel** | : | |

| |
|---|
| **Punte** |
| ______ |
| 30 |

**LANG TRANSAKSIONELE TEKS**
**VRAAG**

Kies EEN onderwerp en skryf **120 tot 150 woorde** daaroor.
Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

**1. INFORMELE BRIEF**



Jy het met jou vriend wat in die koshuis bly, by ‘n partytjie gesels. Hy/sy het jou meegedeel dat hy/sy baie gelukkig in die koshuis is.

Skryf ‘n **BRIEF aan jou ouers** waarin jy hulle vra en probeer oortuig om jou volgende jaar in ‘n kosskool (koshuis) in te skryf.

**[30]**

**OF**

## 2. KURRIKULUM VITAE EN DEKBRIEF

Jy wil graag tydens die skoolvakansie deeltyds by die Westend-iTech winkel, wat spesialiseer in **AI (Kunsmatige intelligensie/"Artificial intelligence"),** gaan werk.

Doen aansoek om 'n betrekking deur 'n kort **kurrikulum vitae** en **dekbrief** saam te stel wat jy aan die bestuurder/eienaar kan gee. Sê ook waarom die bestuur/eienaar jou behoort aan te stel.

**Onthou jy moet twee dokumente opstel:**

- Jy moet 'n **dekbrief** opstel
- Jy moet 'n **kurrikulum vitae** opstel




**[30]**

**OF**

## 3. AGENDA EN NOTULE

| Jy is op die paneel van die Akademiese komitee. Trek die **AGENDA en die NOTULE** van 'n vergadering op, wat gehou is, op 30 Augustus. | |
|---|---|
| Agenda | Notule van die vergadering |
| ✓ Die datum van die vergadering.<br>✓ 'n Oorsig van alles wat die vergadering sal orden en<br>✓ sake wat bespreek gaan word. | ✓ Die datum van die vergadering<br>✓ Wie afwesig is.<br>✓ Verskonings.<br>✓ Sake van die vorige notule.<br>✓ Sake wat bespreek is – elk met sy eie opskrif en kortlikse samevatting.<br>✓ Afsluiting.<br>✓ Datum van die volgende vergadering. |

**[30]**



# Die eindproduk

**Die eindproduk:**

- ✓ Die eindproduk word volgens die rubriek geëvalueer.
- ✓ Die eindproduk word tydens ‘n klastoets onder gekontroleerde omstandighede afgelê.

**Jy mag die volgende in die lokaal inneem:**

- ✓ Beplanningsdiagram (slegs met Afrikaanse sleutelwoorde op)
- ✓ Pen, potlood en liniaal

**Kriteria waarvolgens jy geassesseer gaan word:**

- ✓ Die **inhoud**: oorspronklike en interessante idees/opinies/ uitsprake
- ✓ ‘n Duidelike **inleiding en slot**
- ✓ **Paragraaf**konstruksie (paragrawe volg logies op mekaar en bevat ‘n sentrale idee)
- ✓ Korrekte **woordeskat en spelling**
- ✓ Korrekte **woordorde** en algemene taalbeheer



**ONTHOU OM GEBRUIK TE MAAK VAN DIE VOLGENDE IN JOU KREATIEWE OPDRAG:**

- ✓ Beskrywende woorde (Byvoeglike nwe en Bywoorde)
- ✓ Intensiewe vorme (bv. grasgroen en hoepelkrom)
- ✓ Versamelname (bv. swerm bye, werpsel van kleinhondjies)
- ✓ Trappe van vergelyking (bv. goed beter beste, mooi mooier mooiste)
- ✓ Vergelykings (bv. stil soos ‘n muis, glad soos seep)
- ✓ Klanknabootsing
- ✓ Dieregeluide (bv. ‘n kuiken piep, duif koer)
- ✓ Idiome (bv. Hy eet alles vir soetkoek op, Hulle het hot en haar gevlug)
- ✓ Direkte- en Indirekte rede

